

16 Augustus - ONDERDANIG

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11 – 3:7

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:13, 18; 3:1 (OAV)

Die Here het ons in Christus vrygemaak en ons aan Hom verbind. Hierdie nuwe lewe moet vandag in jou duidelik gestalte kry. Deur Petrus maak die Here duidelik dat die grondtoon wat alle verhoudinge moet kenmerk, die bereidheid is om onderdanig te wees. Omdat ons aan die Here behoort en sy gesindheid in ons omdra, moet ons gewillig wees om aan mekaar onderdanig te wees (Ef 5:21).

- Burgers moet onderdanig wees aan hulle owerheid (2:13).
- Diensknegte moet onderdanig wees aan hulle werkgewers (2:18).
- Vroue moet onderdanig wees aan hulle mans (3:1).

Waar die staatshoof as god vereer word, word die gedagte in die kiem gesmoor. Om onderdanig te wees aan die owerheid, word alleen vereis op grond van God se wil (“ter wille van die Here”). God se wil staan voorop; daarom moet jy God ook meer gehoorsaam wees as mense.

Diensknegte, veral Christene, is in die Bybelse tyd blootgestel aan beledigende en vernederende behandeling. Nogtans moes hulle met ontsag onderdanig wees. Dit beteken nie dat jy uit vrees vir jou werkgewer hom kruipend moet dien nie. Die mens moet nie gevrees word nie. As dienskneg van God is jy egter onderdanig aan elkeen wat Hy as gesagsdraer oor jou stel.

Vrouens moet ook hulle mans onderdanig wees ter wille van Christus. Hierdie onderdanigheid is dus eintlik deel van haar plig teenoor die Here. Sy is onderdanig omdat sy weet dat sy God daardeur behaag. Boonop is dit vir elke gelowige vrou ’n genadevoorreg om onderdanig te wees aan die gelowige man wat haar in liefde lei, onderrig, vertroos en beskerm en haar as vrou eer.

Boonop is ons in Christus burgers van God se Koninkryk en volg ons Jesus as Koning na. Reeds as jong seun was Hy ongeag sy ouers se swakhede aan hulle onderdanig (Luk 2:51). Deur sy soenverdienste en deur die werk van die Heilige Gees word jy ook in staat gestel om onderdanig te wees.

Is dit nog duidelik hoe jy jou van hierdie wêreld onderskei?

Sing: Psalm 25: 1, 2 (1936-beryming)

Ds SA Cilliers (Waterberg)